

**NG GEMEENTE CALVINIA**  
**GEMEENTE INLIGTINGSTUK**

Op 'n kerkraadsvergadering, soos gehou op Maandag 11 Junie 2018, is die volgende belangrike besluite, waarvan die gemeente moet kennis neem, geneem:

**1. Liggaamsmodel vir gemeentebediening**

(Lees as agtergrond: Efesiërs 4 (en 1 Kor. 12))

Die kerkraad het hom verbind tot die infasering van die liggaamsmodel vir gemeente- bediening. Dit is eintlik niks nuuts nie aangesien albei gemeentes reeds voor die hereniging in 'n stemming met 'n groot meerderheid gestem het ten gunste van 'n "missionaal gerigte liggaamsmodel vir gemeentebediening". Die liggaamsmodel is 'n eg Bybelse konsep van gemeentebediening waar nie net die leraar en 'n klein groepie lidmate verantwoordelikheid neem vir die gemeente nie, maar wel ALLE lidmate. Die ontwikkeling van 'n missionaal gerigte liggaamsmodel sal baie energie verg en oor 'n lang tydperk ingefaseer word. Die gemeente se gebede en insette sal nodig wees om dit te realiseer.

**2. Dienswerkers**

Hoe meer lidmate betrokke is in die gemeente, hoe meer begin die gemeente funksioneer as 'n liggaam. Soms word alles van die leraar en die kerkraad alleen verwag. Dienswerkers is geen nuwe idee vir die gemeente nie en kan 'n groot rol speel om die kerkraad te help om by hulle eintlike taak, naamlik geestelike werk en 'n missionale gerigtheid, uit te kom. Daarom het die kerkraad ook besluit om meer dienswerkers te gebruik. Indien jy bereid sou wees om te help in hierdie verband, sou dit baie waardeer word.

**3. Huisbesoek sisteem**

Die herder-kudde model van gemeentebediening het dikwels tot gevolg dat amper alles van die leraar alleen verwag word. 'n Tipiese kenmerk daarvan is die verwagting van die tradisionele vorm van (van deur tot deur) jaarlikse huisbesoek. Die kerkraad moes bepaal hoe dit vir een leraar moontlik sou wees om 'n groot gemeente (815 lidmate) met 'n uitgestrekte area met grondpaaie, te bedien. Na deeglike besinning het die kerkraad besluit om weg te doen met die tradisionele vorm van huisbesoek. Dit sou nie beteken dat huisbesoek in totaliteit afgeskaf word nie. In die plek daarvan kan die leraar dan groepbesoeke, nuwe intrekkers, pastorale besoeke, bejaardes en huisbesoek op versoek, doen. Huisbesoek is dus altyd op versoek beskikbaar. In die praktyk sou dit beteken dat die leraar meer beskikbaar sou wees vir meer belangrike pastorale besoeke wat baie meer tyd verg. Met hierdie verandering sou dit dan ook moontlik wees vir een leraar om die gemeente te bedien, wat andersins onmoontlik sou wees.

Dit is baie belangrik dat lidmate moet kennis neem dat die nuwe huisbesoek sisteem 'n **kerkraadsbesluit** is en nie 'n besluit van die

leraar nie. Dus moet die leraar nie gekritiseer word vir die nuwe sisteem nie. Dit is 'n baie meer sinvolle manier van huisbesoek doen wat die leraar kans gee om kwaliteit tyd te spandeer aan diegene wat werklik in nood is. Vat eerder die hande van die leraar en reik uit na mekaar as liggaam, eerder as om alles van die leraar te verwag.

#### **4. Hoeveel leraars?**

Die kerkraad het besin oor hoeveel leraars beroep moet word. Gegewe bogenoemde twee kerkraadsbesluite, naamlik die vestiging van 'n liggaamsmodel en 'n nuwe verwagting rondom huisbesoek, sou dit moontlik wees om met een leraar die gemeente te bedien. Die kerkraad het dan ook so besluit, maar met die openheid dat indien dit blyk nodig te wees vir ekstra hulp, sodanige besluit op enige stadium geneem kan word.

#### **5. Beroeping van 'n leraar**

Die kerkraad het gekyk na die verskillende opsies rondom die beroeping van 'n leraar. Daar is verskillende weë om te volg en 'n keuse moet gemaak word in hierdie verband, waarna 'n beroep uitgebring moet word. Drie opsies is aan die kerkraad voorgelê waarvoor hulle moet besin. Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering, soos beplan vir 26 Julie 2018, sal die kerkraad 'n keuse uitoefen vir die proses van beroeping. Afhangende van die proses wat gekies word, mag dit 'n lang of 'n kort pad beteken. Lidmate is welkom om met hulle kerkraadslede te gesels hieroor. Baie belangrik is egter ons almal se voorbidding vir die proses asook vir die regte leraar vir die gemeente.

#### **6. Ten slotte**

U sal agterkom uit bogenoemde dat die kerkraad inderdaad groot besluite geneem het op die afgelope vergadering. Dan wag daar ook nog 'n groot besluit op die volgende vergadering rondom 'n leraar vir die gemeente. Deelname en ondersteuning van u as gemeente is van groot belang. Werk saam met die kerkraad om die gemeente te bou vir Christus. Calvinia het groot potensiaal om vanuit 'n seer verlede op te staan en God se Koninkryk te laat kom in hierdie gemeenskap.

Ons sluit af met een van die anker tekste wat deur die leierspan gekies is vir Calvinia:

#### **Jesaja 43:18 - 19, 21**

<sup>18</sup> Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. <sup>19</sup> Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring. <sup>20</sup> Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les. <sup>21</sup> Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig.

**Nms: Kerkraad: NGK Calvinia**